

OULIKE SPEELGOED

1

Met 'n paar bolle wol en breipenne kan menige kinderhart verbly word. Panda, die beertjie, is altyd 'n liefeling; koning Leeu en sy koningin lyk pragtig as kussings op die kinderbed en ou Bromptot is 'n prettige speelding

AFKORTINGS

Breiterme: r — regs; aw — aweregs; st(e) — steek(steke); herh — herhaal; alt — alternatiewe; beg — begin; tes — tesaam; vlg — volgende; verm — vermeerder; vermin — verminder; ks — koussteek.

Hekelterme: ks — kettingsteek; kb — kortbeentjie; sdoh — slaan draad om hekelpen; gls — glipsteek; S — swart; W — wit; P — pienk; B — blou; N — natuurkleur.

1 PANDA, DIE BEERTJIE

BENODIGDHEDE

2 bolle (50 g) elk swart en wit Lister Lavenda-dubbelkrep; 1 paar breipenne 2,75 mm; 1 paar vasknyp-oe; kapokwok vir stopsel.

LENGTE: 32 cm.

AGTER- EN VOORKANT (eenders)
Stel 20 ste met S op en r 4 rye.
Vlg Ry: (verm in vlg st, r 1) tot einde.
Brei 3 rye r.
Vlg Ry: (verm in vlg st, r 4) tot einde.
Brei 3 rye r.
Vlg Ry: (verm in vlg st, r 5) tot einde.
Brei 3 rye r.
Vlg Ry: (verm in vlg st, r 6) tot einde.
Brei 3 rye r.
Breek S af en las W aan en r 22 rye.
Breek W af en las S aan. Brei 6 rye r.
Vlg Ry: (2 tes, r 6) tot einde. Brei 3 rye r.
Vlg Ry: (r 2 tes, r 5) tot einde. r 3 rye.
Vlg Ry: (r 2 tes, r 4) tot einde. r 3 rye.
Vlg Ry: (r 1, r 2 tes) tot einde. r 1 ry.
Vlg Ry: (r 2 tes) tot einde: 10 ste. r 5 rye.

KOPFATSOENERING

Breek S af en las W aan.
Vlg Ry: (verm in vlg st, r 1) tot einde. r 1 ry.
Vlg Ry: (verm in vlg st, r 2) tot einde.
Verm op hierdie manier met elke alt ry en brei 1 st meer na die verm totdat daar 40 ste is. r 11 rye.
Vlg Ry: (r 2 tes, r 6) tot einde. r 1 ry.
Vlg Ry: (r 2 tes, r 5) tot einde. r 1 ry.
Vlg Ry: (r 2 tes, r 4) tot einde. r 1 ry.
Vlg Ry: (r 2 tes, r 3) tot einde. r 1 ry.

VIR DIE KINDERS

Vlg Ry: (r 2 tes, r 2) tot einde. r 1 ry.
Vlg Ry: (r 2 tes, r 1) tot einde. Heg af.
Werk die twee dele aanmekaar, maar
los afgehegte kante oop. Keer om, stop
en werk oop kant toe.

ARMS (2)

Stel 26 ste met S op. Brei r en verm 1 st
aan weerskante van 3e en 5e rye *. r
29 rye. Heg af. Vou in die lengte
dubbel, werk toe, maar los afgehegte
kant oop. Keer om, stop en werk toe.

BENE (2)

Stel 36 ste met S op. Brei soos vir arms
tot by *. r 5 rye. Vermin 1 st aan weers-
kante van vlg en vlg alt ry. r 1 ry. Heg 6
ste aan beg van vlg 2 rye af. r 18 rye
reguit aan. Heg af. Voltooi soos arms.

ORE

(4 eenderse stukkies)

Stel 14 ste met S op en r 14 rye.
Vermin 1 st aan weerskante van vlg en
vlg 2 alt rye. Heg af. Werk twee-twee
dele aanmekaar, maar los afgehegte
kante oop. Keer om en werk op die
kopnaat vas.

OOGGLAPPIES (2)

Stel 4 ste met S op. Verm 1 st aan
weerskante van die 2e en vlg alt ry. r 3
rye. Vermin 1 st aan weerskante van
vlg en vlg alt ry. r 1 ry. Heg af. Druk 'n
oog deur die middel van elke ooglappie
en werk baie stewig vas. Borduur die
neus in satynsteek en die mond in
reguitsteke.

2 BROMPOT

Viltfatsoentjies word aanmekaar ge-
stik en net effentjies gevul.

BENODIGHEDE

Gekleurde stukkies vilt. Gebruik 'n
getande skêr as die gesig, hande,
voete, buitenste rand van oë, onderste
rand van voete en arms uitgeknipt
word. Kapok vir stopsel.

Gesig: 2 sirkels 150 mm in deursnee.
Oë vir voorkant: 2 sirkels elk swart 25
mm, wit 20 mm en blou 15 mm.

Oë vir agterkant: 1 sirkel swart 25 mm,
middeldeel gesny.

Mond: Net die smal buitenste randjie
van 'n sirkel van 50 mm. Wanneer
middeldeel gesny, word die onderste
helfte vir die voorkant van die gesig ge-
bruik en die boonste helfte vir die ag-
terkant.

Arms: 2 strokies 50 mm x 60 mm.

Hande: 2 sirkels van 30 mm.


Bene: 2 stroke 60 mm x 100 mm; 10
smal repies vir strepe.


Voete: 2 sirkels 45 mm.

Hare: 9 strokies 230 mm x 50 mm; 1
strokies in teenstellende kleur vir das.

AFWERKING

Gebruik bypassende garing en werk
die dele aanmekaar en vul met kapok
voordat die openinge toegewerk word.





3 KONIG LEEU EN SY KONINGIN

Langwerpige stukke materiaal is vir hierdie paartjie gebruik.

BENODIGDHEDE

Twee stukke bedrukte materiaal wat 31 cm lank en 25 cm wyd is vir die lyf en 2 stukke effekleurige materiaal wat 21 cm lank en 25 cm wyd is vir die kop; bedrukte materiaal of vilt vir die oë, swart vilt vir die pupille, neus en mond; 3 vierkantige stukkies (25 x 25 cm) vilt vir die maanhare en 1 bol dik breidraad vir die stert van die regop leeu; 2 bolle sybokhaar en hekelpen 7,00 vir die maanhare van die leeu wat lê; kapok vir stopsel.

GROOTTE
50 cm x 24 cm

REGOP LEEU

Stik die lyf- en kopdele aanmekaar in pare oor die wydte met nate van 5 mm. Werk die gesig op die een kopstuk soos volg: gebruik 'n bord vir die buitelyn en teken 'n sirkel ongeveer 16 cm in deursnee. Knip elke vierkant vir die maanhare middeldeer. Vou hierdie strokies in die lengte dubbel en knip elkeen 5 mm vanaf die vou tot 1 cm van die kante af in. Werk hierdie kante rondom die buitelyn soos aangedui vas. Knip die gesigdele uit en werk vas.

Knip die breidraad vir die stert in lengtes van 120 cm, vou dubbel, verdeel in drie groepe drade en vleg tot 6 cm van die punte af. Bind stewig vas

en werk by die een hoek van die lyf aan. Plaas albei dele met regte kante opmekaar en stik met nate van 5 mm aanmekaar, maar los 'n opening. Keer om, stop en werk die opening toe.

LEEU WAT LÊ

Volg aanwysings vir regop leeu, maar maak maanhare soos volg: gebruik die sybokhaar dubbel en hekel 'n lengte in ks om rondom die gesig te pas.

Vlg Ry: slaan 1 ks oor, (steek pen in vlg ks, draai draad om pen en 4 vingers van linkerhand 3 keer, dan weer een om die pen, trek al 4 lussies deur, sdoh en trek deur al die lussies) tot einde. Heg af. Werk rondom buitelyn van gesig vas. Gebruik die res van die breidraad vir 'n gevlegte stert soos vir die regop leeu.